Respek. Eenheid. Trots

# HOËRSKOOL BONNEVALE NUUSBRIEF

IMMER VOORWAARTS

*Doen altyd 'n klein bietjie meer as wat van jou verwag word*

30 Januarie 2026

**OMSENDBRIEF 3/2026**

**Geagte ouers, leerders en Bonnievalers**

1. **Atletiek:** Ons sê opreg dankie vir elke ouer, beampte, onderwyser, besoeker, afrigter en leerder wat bygedra het tot 'n pragtige kleureatletiekbyeenkoms verlede Vrydag. Baie dankie aan Bonnievale Spar wat ons beste veld- en baanatlete met 'n geskenkbewys bederf het. **Janien de Wet** (DG), **Riché-Dean Maastriet** (200m), **Jumaro Fortuin** (VS) en **McLeighten Thieras** (400m) het in die hoërskool met die pryse weggestap. In die laerskool het **Janelle van Zyl** (GS), **Mixante Beyers** (100m) en **Luan du Toit** (VS en 200m) met baie goeie prestasies die pryse opgeraap.

   Baie geluk aan die Geelspan wat die Geesbeker met 'n enkele punt gewen het. Dit was naelskraap! Welgedaan aan ons dirigente wat hulle spanne so goed voorberei het. Die Groenspan het die Atletiekbeker van 2026 ingepalm. Baie geluk!

   Ons was trots op ons leerders se gedrag en entoesiasme by die kleurebyeenkoms, en ook dankbaar vir al die leerders wat ons voor en ná die byeenkoms help voorberei en opruim het. Mooi so, Bonnies!

   By die Dorpbyeenkoms het ons laerskoolatlete pragtig presteer en met 36 Goud, 18 Silwer en 12 Brons weggestap. Baie geluk aan elke atleet wat sy/haar beste gelewer het.

   Die volgende byeenkomste vind volgende naweek plaas. Besonderhede is aan die einde van die nuusbrief in die kalender aangedui.

2. **Afwesigheid tydens assessering**: Ouers en leerders, wees asseblief ingelig dat ons skool se assesseringsbeleid bepaal dat 'n leerder wat afwesig is sonder 'n geldige rede op die dag van 'n toets, eksamen of enige ander assessering, die punt vir daardie assessering sal verbeur en dus nul sal kry. Wettige en geldige afwesigheid is slegs die volgende:

   - Siekte wat geboekstaaf word deur 'n brief van 'n medies gekwalifiseerde dokter of kliniek.
   - Afwesigheid as gevolg van 'n bona fide bevestigde afspraak met 'n dokter of tandarts. Skriftelike bewys van die afspraak moet voorsien word.
   - Die afsterwe van 'n direkte familielid.

   Nie-mediese afsprake, soos aanlegtoetse, leerling- of bestuurslisensies moet geskeduleer word in skoolvakansies of op dae wat assesserings nie plaasvind nie.

3. **Vervoer:** Alle ouers en privaat verskaffers wat leerders na die skool vervoer moet asseblief te alle tye ons kinders met uiterse veiligheid vervoer. Ouers, maak asseblief seker dat u kinders nie saam met iemand ry wat nie 'n wettige bestuurderslisensie het nie. Indien u bewus is van bestuurders wat die wet en padreëls oortree terwyl hulle ons skoolkinders vervoer stel moet u asseblief onmiddellik die polisie in kennis stel by 023 616 8060 én die skool by 023 616 2160 (tel.) of 060 546 5247 (WhatsApp) of admin@hsbonnievale.co.za sodat ons die WKOD se Veilige Skole-afdeling in kennis kan stel. Foto's, video's en die oortreders se motorregistrasienommer sal baie help om die saak verder te neem en onverantwoordelike bestuurders voor stok te kry.

4. **Koshuismaaltye:** Daar kan hierdie jaar weer etes by die koshuis gekoop word. Nie-koshuisgangers en nie-koshuisinwoners moet vooraf koepons koop teen **R57.00 per maaltyd**. Die koepons is by die finansiële kantoor te koop. Navrae kan aan die finansiële kantoor gerig word by 023 616 2160 of finansiesB@hsbonnievale.co.za. Bestellings moet asb. geplaas word **by Marica Lourens** by mlourens@hsbonnievale.co.za.

5. **Leerling- en bestuurslisensies:** Leerders by HSB kan by die skool hulp kry met leerlinglisensies en bestuurslesse teen 'n fraksie van die koste van privaat bestuurskole. Maak gerus by mnr. Rian Boshoff 'n draai of kontak hom per e-pos by rboshoff@hsbonnievale.co.za

6. **Selfone:** Ons ondervind al hoe meer probleme met selfone wat tydens skooltyd gebruik word, en dikwels vir die verkeerde redes. Ek herinner ouers daaraan dat ons beleid is dat selfone tydens die skooldag AFGESKAKEL moet wees en slegs skooltoe gebring moet word indien u kind vervoerreëlings moet tref na skool. Help ons asseblief deur ons te ondersteun met hierdie beleid. Sommige leerders is dikwels moeg by die skool en ek vermoed dat hulle te laat saans met hulle fone werk. Dit is reeds bewys dat daar baie nadele is aan die oormatige gebruik van selfone. Die paar uur by die skool sonder 'n selfoon is 'n goeie begin om u kind te leer om balans te hê met die gebruik van 'n selfoon.

7. **Aktiwiteite:** Die volgende datums is belangrik:

| | |
|---|---|
| Vr. 30 Jan. | HS Tennis vs Bredasdorp (weg) |
| Ma. 2 Feb. | Me. Yolindé Delport verjaar<br>Kringbestuurder kom spreek die Matrieks toe |
| Di. 3 Feb. | o.19 Krieket vs HS Montagu (tuis) |
| Wo. 4 Feb. | o.11 Krieket vs Bontebok (weg)<br>o.13 Krieket vs Bontebok (tuis) |
| Do. 5 Feb. | LS Tennis vs Montagu (weg)<br>Top presteerders gr.12 seremonie Paarl Stadsaal |
| Vr. 6 Feb. | HS Tennis vs Swellendam (tuis)<br>Atletiek LS Langeberg Velditems te HS Robertson |
| Sa. 7 Feb. | Atletiek LS Langeberg Baanitems te HS Robertson<br>Atletiek HS Langebergbyeenkoms te HS Montagu<br>Tweekampbyeenkoms te Oudtshoorn (Interprovinsiale byeenkoms)<br>Worcester-Oos Mini-krieket |
| Wo. 11 Feb | o.13 Krieket vs WA Rossouw (weg) |
| Do. 12 Feb | LS Tennis vs Swellendam (weg)<br>o.19 Krieket vs Montana (weg) |
| Vr. 13 Feb | HS Tennis vs Robertson (weg) |
| Sa. 14 Feb. | Atletiek HS Noord-Bolandbyeenkoms (HSB) |

Vriendelike groete vanuit die kantoor.

P. Brink

Waarnemende Skoolhoof

"When you choose the behaviour,
**you choose**
the consequences"
Phil McGraw